

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n samevatting van die studie gegee. Vervolgens word die belangrikste bevindings weergegee wat uit die studie gespruit het, en na aanleiding daarvan bepaalde riglyne neergelê aan die hand waarvan ouers en leerders die aanpassing in die nuwe onderwysomgewing van Botswana makliker kan ervaar.

6.2 SAMEVATTING

In Hoofstuk 1 is 'n oriënterende inleiding gegee en die probleemstelling en doel van die navorsing uiteengesit. Omdat die studie beide die terrein van die Psigo- sowel as Sosiopedagogiek betree is daar voorts na sekere perspektiewe binne die twee deeldisiplines van die opvoedkunde as wetenskap gekyk as die paradigma waarbinne die studie onderneem is. Daar is voorts sekere begrippe uiteengesit asook die verloop van die navorsing.

In Hoofstuk 2 is 'n literatuurstudie onderneem om die aanpassingsprobleme wat Afrikaanssprekende leerders in die internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana mag ondervind te identifiseer. Daar is ter inleiding in die hoofstuk na sekere konsepte, waarbinne die studie val, gekyk naamlik die internasionale onderwysomgewing van die multikulturele, privaatskole van Botswana, die konsep multikulturele onderwys, die konsep kultuur asook die milieu-gestremdheid van die Afrikaanssprekende leerders in die privaatskole van Botswana. Die drie terreine waar leerders die meeste aanpassingsprobleme mag ervaar is geïdentifiseer en bespreek. Dit sluit in aanpassing op die sosiale- en kulturele terrein sowel as aanpassing ten opsigte van die medium van onderrig. Omdat die ondersoeker gevoel het dat die leerders se ouers ook 'n belangrike rol in leerders se aanpassing al dan nie kan speel, is daar ook in die hoofstuk gekyk na die rol van die ouer en hoe die opvoedingstyl van die ouers 'n invloed op die leerders se aanpassing kan hê al dan nie.

In Hoofstuk 3 is die invloed van aanpassingsprobleme op die akademiese prestasie van Afrikaanssprekende leerders in die privaatskole van Botswana ondersoek. Die rol wat aanpassingsprobleme in die akademiese prestasie van Afrikaanssprekende leerders speel is bespreek, die verskille tussen die internasionale skole en staatskole in Suid-Afrika is uitgelig waarna daar na sekere faktore gekyk is wat die akademiese prestasie van dié leerders kan beïnvloed. Die rol van skoolwisseling en die invloed hiervan op die sosiale ontwikkeling van leerders as oorsaak van swakker akademiese prestasie is ook uitgelig en bespreek.

In Hoofstuk 4 is die navorsingsontwerp en empiriese ondersoek uiteengesit. Die doelstelling met die studie is bespreek en drie hipoteses is gestel. Die vraelys as meetinstrument en die doel met die vrae wat in die vraelyste ingesluit is, is voorts bespreek. Laastens is daar in die hoofstuk na die statistiese tegnieke wat in die ondersoek gebruik is, gekyk.

In Hoofstuk 5 is die analisering van die data na aanleiding van die empiriese ondersoek onderneem. Om die geldigheid al dan nie van die hipoteses wat in Hoofstuk 4 gestel is te bepaal, is frekwensie tabelle saamgestel en t-Toeste vir gekorreleerde sowel as ongekorreleerde data is uitgevoer.

Die belangrikste bevindings wat uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek voortspruit, word vervolgens bespreek.

6.3 BEVINDINGS

6.3.1 BEVINDINGS MET BETREKKING TOT DIE LITERATUURSTUDIE

Met betrekking tot die doel van die navorsing om aanpassingsprobleme wat Afrikaanssprekende leerders in die internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana mag ondervind te ondersoek, is die volgende bevind :

- Daar is hoofsaaklik drie terreine waar aanpassingsprobleme ondervind word, naamlik op sosiale- en kulturele terrein en aanpassingsprobleme ten opsigte van die medium van onderrig (Vergelyk 2.1).

- Die vier belangrikste konsepte wat 'n onlosmaaklike deel van die studie ten opsigte van aanpassingsprobleme gevorm het, was die internasionale skole en die gepaardgaande internasionale kurrikulums wat in Botswana gevolg word, multikulturele onderwys, kultuur en milieu-gestremdheid in terme van kulturele andersoortigheid (Vergelyk 2.2).
- Die kognitiewe sowel as die akademiese ontwikkeling van leerders word beïnvloed deur biologiese en kulturele faktore. Die uitdaging lê vir onderwysers daarin om te besef dat daar 'n wye verskeidenheid kulturele faktore is wat 'n leerder se sosiale- sowel as psigiese ontwikkeling kan beïnvloed (Vergelyk 2.3).
- Die gesin oefen 'n dominante invloed uit op 'n kind se ontwikkeling. Die verhouding tussen die ouer en kind word beïnvloed deur die ouer se styl van outoriteit. Die opvoedingsstyl van die ouers kan in 'n besondere wyse bydra tot 'n kind se sosiale ontwikkeling en hoe goed 'n kind in 'n nuwe, vreemde onderwysituasie sal kan aanpas al dan nie (Vergelyk 2.4).
- Dit is meestal moeiliker vir sekondêre leerders om in 'n nuwe onderwysomgewing aan te pas as wat die geval by primêre leerders is. Die skool is naas die gesin die belangrikste sosialiseringagent vir die kind (Vergelyk 2.5).
- As daar na die oorkoepelende begrip kultuur gekyk word, sluit dit begrippe soos moedertaal, familie, houding teenoor die land, geskiedenis en geslagsrolle in. Dit is belangrik vir leerders om genoegsame kennis van hulle eie kultuur te hê ten einde ander kulture te kan verstaan (Vergelyk 2.6).
- 'n Kind kan nie deel word, aanpas en sy potensiaal as mens verwesenlik in 'n bepaalde kultuur en samelewing as hy nie kan kommunikeer nie. Deur taal kan 'n kind deel voel van die samelewing asook sy menslike ervarings interpreteer. 'n Bepaalde woordeskat en vakterme wat onderwysers as vanselfsprekend aanvaar, ontbreek gewoonlik by leerders wie se huistaal van hulle onderrigtaal verskil (Vergelyk 2.7).

Met betrekking tot die doel van die navorsing om die invloed wat aanpassingsprobleme as gevolg van skoolwisseling op die akademiese prestasie van Afrikaanssprekende leerders in die internasionale, multikulturele, privaat skole van Botswana het al dan nie, is die volgende bevind :

- Leerders wat van skool verwissel mag bepaalde probleme ten opsigte van sosiale aanpassing binne 'n nuwe portuurgroep waarin hulle, hulle bevind ervaar. Aanpassingsprobleme kan aanleiding gee tot leerprobleme wat soveel erger kan wees by leerders wat oor lands-, kultuur- en taalgrense heen beweeg (Vergelyk 3.1).
- Leerders uit Suid-Afrika wat hulle vir die eerste keer in 'n multikulturele, internasionale skool in 'n vreemde land bevind kan aanpassingsprobleme ervaar wat kan deurwerk na hulle akademiese prestasie. Leerders sal nuwe studiemetodes moet bemeester en meer tyd aan hulle studies moet spandeer aangesien die internasionale kurrikulums wat in Botswana gevolg word meer veeleisend en die slaagsyfer hoër is. Aanpassing is afhanklik van die mate waarin 'n individu se behoeftes bevredig word en dié aanpassing van leerders in 'n bepaalde onderwysomgewing kan deurwerk na hulle akademiese prestasie (Vergelyk 3.2).
- Die vier belangrikste faktore wat leerders wat van skool verwissel se akademiese prestasie kan beïnvloed, is die aanpassing by die nuwe omgewing, aanpassing by ander kulture, selfaanpassing en motivering (Vergelyk 3.2).
- Die meeste leerders wat die internasionale, privaat skole van Botswana besoek, is afkomstig uit staatskole in Suid-Afrika. Daar is heelwat verskille tussen die internasionale, privaat skole van Botswana en die staatskole in Suid-Afrika en aanpassing by die nuwe onderwysomgewing kan die akademiese prestasie van leerders tot 'n groot mate beïnvloed (Vergelyk 3.2.3).
- Daar is verskeie faktore wat die akademiese prestasie van leerders wat hulle in een van die internasionale, privaat skole van Botswana bevind, kan beïnvloed. Weens die feit dat elke leerder uniek is, sal al die faktore nie noodwendig 'n negatiewe uitwerking op elke leerder se akademiese prestasie hê nie (Vergelyk 3.3).

- Die keuse van die korrekte privaatskool is belangrik aangesien die verwisseling van skool heel moontlik reeds traumaties kon wees en ouers moet verskeie faktore in ag neem (Vergelyk 3.3.5).
- Alhoewel die keuse van 'n goeie privaatskool 'n bydraende faktor tot 'n leerder se akademiese prestasie kan speel, kan skoolwisseling in die algemeen ook 'n faktor wees aangesien dit vir enige leerder 'n ontwrigting is (Vergelyk 3.4).
- Onderwys staan nie geïsoleerd van die samelewing nie en nadelige faktore in die samelewing wat geweld, diverse lewens- en kultuurpatrone, botsende lewensnorme en uiteenlopende godsdienstige oortuigings insluit kan opvoeding en gevolglik dié leerders benadeel (Vergelyk 3.5).
- Die volwassene voed die kind op om deelgenoot te word aan die samelewing en geleidelik daarby in te skakel. Die kind moet voldoende kennis van die eietydse samelewing opdoen om 'n volwaardige deelgenoot daarvan te word. Die kind moet dus, om homself in alle sosiale verbande te handhaaf, kennis en sosiale vaardighede verwerf (Vergelyk 3.6).

6.3.2 BEVINDINGS MET BETREKKING TOT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die empiriese ondersoek is binne die raamwerk van drie hipoteses gedoen naamlik :

- IV. Afrikaanssprekende leerders wat hulle in een van die internasionale, multikulturele, privaatskole van Botswana bevind, ervaar aanvanklik aanpassingsprobleme ten opsigte van sosiale- en kulturele aanpassing sowel as aanpassing ten opsigte van die medium van onderrig.
- V. Aanpassingsprobleme van Afrikaanssprekende leerders wat as gevolg van skoolwisseling tussen Afrikaans-medium skole en Engels- /Parallel-medium skole in Suid-Afrika en die Engels-medium skole in Botswana ondervind word, beïnvloed die akademiese prestasie van die betrokke leerders afkomstig uit die verskillende skole verskillend.

VI. Aanpassingsprobleme wat deur Afrikaanssprekende leerders in die privaatskole van Botswana ervaar word, word nie in dieselfde lig en intensiteit deur die ouers en leerders ervaar nie.

Ten opsigte van Hipotese I is die volgende bevindings gemaak :

- Ten opsigte van sosiale aanpassing het 42.80% van die leerders altyd/dikwels en 57.02% selde/nooit by vrae 4.1 - 4.10 geantwoord (Vergelyk Tabel 5.8 en Grafiek 5.7).
- Ten opsigte van kulturele aanpassing het 52.13% van die leerders altyd/dikwels en 47.63% selde/nooit by vrae 4.11 – 4.20 geantwoord (Vergelyk Tabel 5.11 en Grafiek 5.9).
- Ten opsigte van aanpassing by die medium van onderrig het 42.28% van die leerders altyd/dikwels en 57.58% selde/nooit 4.21 – 4.30 geantwoord (Vergelyk Tabel 5.14 en Grafiek 5.11).

Uit die empiriese ondersoek blyk dit dus dat die grootste aanpassingsprobleme ten opsigte van kulturele aanpassing ervaar word.

Ten opsigte van Hipotese II is die volgende bevindings gemaak :

- Daar is nie beduidende verskillende ten opsigte van die akademiese prestasie van leerders afkomstig uit Afrikaans-medium skole en leerders afkomstig uit Engels- /Parallel-medium skole ten opsigte van al die vakke opgemerk nie (Vergelyk Tabel 5.3). Die enigste twee vakke waar wel beduidende verskille ten opsigte van die akademiese prestasie van leerders afkomstig uit Afrikaans-medium en dié afkomstig uit Engels-/Parallel-medium skole is, is in Engels as vak op eerste taalkvlak en in die Geestes-/Sosiale Wetenskappe wat vakke soos Geskiedenis en Aardrykskunde insluit.

Die redes hiervoor is die feit dat enige taal op eerste taalkvlak baie taalkunde insluit wat nie die geval is by 'n tweede taal nie. By 'n tweede taal word daar meer klem gelê op begrip en verstaan. Leerders wat Engels as tweede taal in Suid-Afrika geneem het, sal dus sukkel om skielik die taalkunde van Engels as eerste taal, wat sinsbou, woordbou ens. insluit, te bemeester. Letterkunde, wat 'n integrale deel van die vak vorm, word ook baie meer breedvoerig bestudeer. Leerders wat nie van lees hou nie sal dus nog meer sukkel.

Ten opsigte van die Geestes-/Sosiale Wetenskappe is daar heelwat nuwe vakterme wat onder die knie gekry moet word. Leerders wat terme slegs in Afrikaans ken, sal 'n tydjie neem om al die terme in Engels te bemeester (Vergelyk Tabel 5.4).

Daar sal voorts ook gekyk word na die getal A simbole (80-100%) en B simbole (70-79%) wat deur leerders in Suid-Afrika behaal is en huidiglik ook in Botswana behaal word soos onderskeidelik aangedui deur leerders afkomstig uit Afrikaans-medium skole en die afkomstig uit Engels-/Parallel-medium skole.

- Die gemiddelde getal A simbole (80-100%) en B simbole (70-79%) is by al die vakke van Afrikaanssprekende leerders afkomstig uit Afrikaans-medium skole minder as wat die geval in Suid-Afrika was (Vergelyk Grafiek 5.3).
 - 57.76% het vir Engels as vak 'n A simbool (80-100%) in Suid-Afrika behaal terwyl slegs 42.33% vir Engels as vak 'n A simbool in Botswana behaal. Soos reeds vroeër gemeld, is die hoof rede hiervoor moontlik die feit dat Engels op eerste taalvlak aangebied word.
 - 37.03% het A simbole (80-100%) vir Wiskunde in Suid-Afrika behaal in teenstelling met die 29.52% wat steeds A simbole in Botswana behaal.
 - 82.45% het A simbole (80-100%) vir Geestes-/Sosiale Wetenskappe in Suid-Afrika behaal in teenstelling met die 36.70% wat steeds A simbole in Botswana behaal.
 - 33.33% het A simbole (80-100%) vir Natuurwetenskappe in Suid-Afrika behaal in teenstelling met die 23.93% wat steeds A simbole in Botswana behaal.
 - 44.68% het A simbole (80-100%) vir Handelsvakke in Suid-Afrika behaal in teenstelling met die 16.28% wat steeds A simbole in Botswana behaal.
 - 49.20% het A simbole (80-100%) vir Handvaardigheids-/kreatiewe-/kunsvakke in Suid-Afrika behaal in teenstelling met die 44.44% wat steeds A simbole in Botswana behaal.

- Die gemiddelde getal A simbole (80-100%) en B simbole (70-79%) is by drie van die vakke hoër en by drie van die vakke laer as wat die geval in Suid-Afrika was ten opsigte van Afrikaanssprekende leerders afkomstig uit Engels-/Parallel-medium skole (Vergelyk Grafiek 5.5).
- Meer leerders, naamlik 66.67%, behaal in Engels as vak 'n gemiddelde A simbool (80-100%) of B simbool (70-79%) in teenstelling met die 42.86% wat 'n A simbool of B simbool in Suid-Afrika behaal het.
- Slegs 15.00% van dié leerders kon in Wiskunde 'n gemiddelde A simbool (80-100%) of B simbool (70-79%) in Botswana behaal in teenstelling met die 20.00% wat 'n A simbool of B simbool in Suid-Afrika kon behaal.
- Meer leerders, naamlik 90.48%, behaal in die Geestes-/Sosiale Wetenskappe 'n gemiddelde A simbool (80-100%) of B simbool (70-79%) in teenstelling met die 71.43% wat 'n A simbool of B simbool in Suid-Afrika behaal het.
- Slegs 17.65% van dié leerders kon in die Natuurwetenskappe 'n gemiddelde A simbool (80-100%) of B simbool (70-79%) in Botswana behaal in teenstelling met die 22.23% wat 'n A simbool of B simbool in Suid-Afrika kon behaal.
- Slegs 13.33% van dié leerders kon in die Handelsvakke 'n gemiddelde A simbool (80-100%) of B simbool (70-79%) in Botswana behaal in teenstelling met die 23.53% wat 'n A simbool of B simbool in Suid-Afrika kon behaal.
- Meer leerders, naamlik 41.17%, behaal in die Handvaardigheids-/kreatiewe-/kunsvakke 'n gemiddelde A simbool (80-100%) of B simbool (70-79%) in teenstelling met die 31.58% wat 'n A simbool of B simbool in Suid-Afrika behaal het.

Indien al die bogenoemde in ag geneem word, presteer Afrikaanssprekende leerders afkomstig uit Engels-/Parallel-medium skole oor die algemeen wel beter in die internasionale, privaatskole van Botswana. Die Hipotese kan dus wel aanvaar word.

Ten opsigte van Hipotese III is die volgende bevindings gemaak :

- Ten opsigte van die sosiale aanpassing van Afrikaanssprekende leerders in die privaatskole van Botswana het die mening van die leerders en ouers beduidend verskil by vyf van die vroeë waar altyd/dikwels as keuse gekies is (Vergelyk Tabel 5.10).
 - Meer leerders (26.54%) het altyd/dikwels geantwoord, as wat die geval by die ouers was, waar slegs 12.88% gevoel het daar word genoeg sosiale aktiwiteite deur die skool aangebied waar ouers, leerders en personeel op sosiale vlak kan verkeer
 - 49.28% van die leerders het altyd/dikwels geantwoord ten opsigte van die vraag of daar voldoende inligtingsprogramme is om leerders in te lig en te waarsku teen moontlike negatiewe invloede of sosiale aktiwiteite in die gemeenskap. Slegs 16.77% van die ouers het altyd/dikwels op die vraag geantwoord.
 - 35.55% van die leerders het altyd/dikwels geantwoord ten opsigte van die vraag of onderwysers begrip het vir leerders wat moontlike sosiale-aanpassingsprobleme ervaar. Slegs 7.78% van die ouers het altyd/dikwels op die spesifieke vraag geantwoord.
 - 18.95% van die leerders het altyd/dikwels geantwoord ten opsigte van die vraag of onderwysers in hulle betrokke skool 'n rol by hulle inskakeling in 'n bepaalde vriendekring gespeel het. Slegs 7.18% van die ouers het altyd/dikwels op die bepaalde vraag geantwoord.
 - 44.08% van die leerders het altyd/dikwels geantwoord op die vraag of die Afrikaanse leesstof wat in Botswana beskikbaar is 'n rol gespeel het in sy/haar sosiale aanpassing. 83.83% van die ouers het altyd/dikwels op dieselfde vraag geantwoord.
 - Daar is slegs by een vraag 'n beduidende verskil opgemerk by die respons van die ouers en leerders waar selde/nooit as keuse gekies is.

- 55.92% van die leerders het gevoel dat die Afrikaanse leesstof wat in Botswana beskikbaar is selde/nooit 'n rol gespeel het in hulle sosiale aanpassing. Slegs 16.17% van die ouers het aangedui dat die Afrikaanse leesstof wat in Botswana beskikbaar is selde/nooit 'n rol gespeel het in hulle kinders se sosiale aanpassing.
- Ten opsigte van die kulturele aanpassing van Afrikaanssprekende leerders in die privaatskole van Botswana het die mening van die leerders en ouers beduidend verskil by slegs een van die vrae waar altyd/dikwels as keuse gekies is (Vergelyk Tabel 5.13).
- Meer ouers (89.22%) het altyd/dikwels geantwoord, as wat die geval was by die leerders, waar slegs 13.75% gevoel het dat die personeel bevooroordeel staan teenoor die leerders as gevolg van hulle kulturele agtergrond, moedertaal ens.
 - Daar is slegs by vier van die vrae 'n beduidende verskil opgemerk by die respons van die ouers en leerders waar selde/nooit as keuse gekies is.
 - 72.04% van die leerders het gevoel dat hulle selde/nooit bedreig gevoel het deur die dominante kultuurgroep binne die skool. Slegs 22.16% van die ouers het dieselfde mening as die leerders gehad. Die ouers was dus van mening dat hulle kinders wel deur die dominante kultuurgroep bedreig word.
 - 85.30% van die leerders het gevoel dat die personeel selde/nooit bevooroordeel teenoor hulle staan as gevolg van hulle kulturele agtergrond, moedertaal ens. Slegs 10.78% van die ouers was van dieselfde mening en het selde/nooit op dieselfde vraag geantwoord. Die ouers het dus meestal gevoel personeel staan wel bevooroordeel teenoor hulle kinders as gevolg van hulle kulturele agtergrond, moedertaal ens.

- 22.28% van die leerders het selde/nooit geantwoord op die vraag of onderwysers 'n goeie kennis van die verskillende kulture in sy/haar klas het. 80.84% van die ouers was van mening dat die onderwysers selde/nooit 'n goeie kennis van die verskillende kulture in sy/haar klas het.
 - 72.51% van die leerders was van mening dat onderwysers selde/nooit leerinhoud kan verklaar in terme van die verskillende kulture in sy/haar klas. 32.94% van die ouers het dieselfde mening as die leerders op die betrokke vraag gehad.
- Ten opsigte van die aanpassing by die medium van onderrig van Afrikaanssprekende leerders in die privaatskole van Botswana het die mening van die leerders en ouers beduidend verskil by slegs een van die vrae waar altyd/dikwels as keuse gekies is (Vergelyk Tabel 5.16).
- Slegs 43.60% van die leerders het gevoel daar is altyd/dikwels genoeg Afrikaanse leesstof en televisieprogramme beskikbaar om hulle Afrikaans steeds op standaard te hou. 72.45% van die ouers was van dieselfde mening op dié betrokke vraag.
 - Daar is ook slegs by een van die vrae 'n beduidende verskil opgemerk by die respons van die ouers en leerders waar selde/nooit as keuse gekies is.
 - 52.61% van die leerders het gevoel dat personeel selde/nooit hulle vak se kennis in terme van taalvaardigheid duidelik oordra. 67.67% van die ouers was van mening dat personeel hulle vak se kennis selde/nooit duidelik oordra in terme van taalvaardigheid.

- Ten opsigte van die invloed van skoolwisseling en die gepaardgaande aanpassingsprobleme in die nuwe onderwysomgewing en die invloed hiervan op die akademiese prestasie van Afrikaanssprekende leerders in die privaatskole van Botswana, het die mening van die leerders en ouers geen beduidende verskil getoon waar altyd/dikwels as keuse gekies is (Vergelyk Tabel 5.19).
 - Daar is ook slegs by twee van die vrae 'n beduidende verskil opgemerk by die respons van die ouers en leerders waar selde/nooit as keuse gekies is.
 - 37.44% van die leerders het gevoel die werktempo was aanvanklik selde/nooit vinniger as wat hulle aan gewoond was. 23.95% het dieselfde mening as die leerders op die betrokke vraag gehad.
 - 43.13% van die leerders was van mening dat die opvoedingsstyl van hulle ouers selde/nooit 'n invloed op hulle akademiese prestasie gehad het. Slegs 14.97% van die ouers het gevoel hulle opvoedingsstyl het selde/nooit 'n invloed op hulle kinders se akademiese prestasie gehad.
- Uit die veertig vrae, wat aan beide die ouers en leerders wat aan die ondersoek deelgeneem het gestel is, ten opsigte van die sosiale- en kulturele aanpassing en aanpassing ten opsigte van die medium van onderrig sowel as die vrae wat gehandel het oor die invloed van skoolwisseling op die akademiese prestasie van leerders, was daar slegs by veertien van die vrae beduidende verskille ten opsigte van die respons van die leerders en hulle ouers. Daar was dus by slegs by 35.00% van die vrae verskille in die respons van die twee groepe.

Die derde hipotese naamlik dat die aanpassingsprobleme wat deur Afrikaanssprekende leerders in die privaatskole van Botswana ervaar word, nie in dieselfde lig en intensiteit deur die ouers en leerders ervaar word nie, word dus nie aanvaar nie.

Daar sal nou voortgegaan word om riglyne vir beide ouers en onderwysers neer te lê om aanpassing in een van die internasionale, privaatskole van Botswana te vergemaklik.

6.4 RIGLYNE VIR DIE SUKSESVOLLE AANPASSING VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE INTERNASIONALE, MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA

6.4.1 RIGLYNE VIR DIE SUKSESVOLLE SOSIALE AANPASSING VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA

- Die skoolhoofde en personeel verbonde aan die internasionale, privaatskole in Botswana besef dat leerders van oor die hele wêreld in hulle skole ingeskryf word. Skole behoort oor 'n plan van aksie te beskik om leerders so onopvallend moontlik by hulle nuwe onderwysomgewing te laat inskakel. Onderwysers en leerders reeds verbonde aan die skole moet meemaak aan die hantering en sosialisering van nuwe leerders.

- Die skole moet paraat wees om nuwe leerders, op primêre sowel as sekondêre vlak, in sy geledere te verwelkom en op te neem. Nuwe leerders wat aanvanklik bang, gespanne en senuweeagtig is en waarskynlik met selfbeeld probleme worstel, moet deur personeel en leerders met begrip gehelp word om 'n veilige ruimte te skep.

- Skole moet dit as prioriteit stel om nuwe leerders by skoolaktiwiteite te laat inskakel en dié leerders se huisgesinne by skoolaksies te betrek.

Daar sal voorts ook 'n paar aanbevelings aan onderwysers spesifiek gemaak word om nuwe Afrikaanssprekende leerders by te staan in hulle sosiale aanpassing in die internasionale, privaatskole van Botswana.

- Onderwysers moet poog om vas te stel watter sosiale ontwikkelingspeil die leerder bereik het ten einde hom in die regte groep te plaas.

- Daar word aanbeveel dat nuwe leerders in 'n groep geplaas word waar hulle leierseienskappe tot uiting kan kom en waar hulle een van die bestes is. As nuwe leerders vreemd is en gedurig mislukking ervaar, sal hulle sosiale aanpassing bemoeilik word.
- Onderwysers behoort met mekaar te kommunikeer ten opsigte van nuwe leerders en behoort hulle te help om hulle nuwe skool op ordelike wyse te leer ken. Klasleiers en skoolleiers kan hier 'n leidende rol speel om die nuweling te laat tuis voel.
- Nuwe leerders behoort hulle regmatige aandeel van persoonlike aandag te ontvang. Onderwysers behoort daarop te let dat ander leerders die nuwe leerder nie as 'n indringer beskou nie maar hom eerder help om op sosiale vlak in te skakel. 'n Oormaat opsigtelike aandag aan die ander kant kan egter nuwe leerders selfbewus maak en kan meer skade berokken as goed doen.
- Onderwysers moet belangstel in nuwe leerders se buitemuurse aktiwiteite en hulle uitnoodig na bepaalde aktiwiteite indien hulle nie deelneem nie. As nuwe leerders by buitemuurse bedrywighede inskakel, skakel hulle makliker by die portuurgroep in en verloop hulle sosiale aanpassing heel makliker.

Daar sal voorts riglyne neergelê word om Afrikaanssprekende leerders te help om kultureel makliker aan te pas in die internasionale, privaatskole van Botswana.

6.4.2 RIGLYNE VIR DIE SUKSESVOLLE KULTURELE AANPASSING VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA

- Kultuur beïnvloed 'n leerder se taal, godsdiens, waardes, norme, sosiale gedrag, prestasie ens. Die ouers van Afrikaanssprekende leerders wat hulle in een van die multikulturele, privaatskole van Botswana bevind, behoort 'n daadwerklike poging aan te wend om dié leerders met kultureelverrykende aktiwiteite by te staan. Voorbeelde van sulke aktiwiteite sluit onder andere in die voorlees van verhale eie aan hulle Afrikaner kultuur, Afrikaanse versies leer, tradisionele speletjies leer, bevordering van die Afrikaanse taal

aanmoedig, museums besoek, die kind se vrae ten opsigte van sy kultuur sinvol te beantwoord ens.

- Leerders wat nie 'n goeie kennis van hulle eie kultuur het nie, sal die multikulturele onderwysomgewing van die internasionale, privaatskole van Botswana, wat sy eie kulturele eise aan die leerder sal stel, met 'n ernstige kultuur-pedagogiese agterstand betree. Veral primêre leerders wat nooit aan die Afrikaner kultuur en -geskiedenis in die onderwyssituasie blootgestel is nie moet deur hulle ouers ingelig word.
- Kultuur- en kennisoordrag is tradisioneel die vernaamste funksies van die skool. Die internasionale, privaatskole van Botswana fokus egter baie meer op kennisoordrag weens die feit dat daar soveel uiteenlopende kultuurgroepe in die skole teenwoordig is. Die ouer speel nou 'n baie belangriker rol ten opsigte van die oordra van kultuur aan leerders.
- Leerders wat kultureel arm is, kan moontlik 'n vertraging in hulle volwassewording beleef waarmee daar in die georganiseerde onderwys rekening gehou moet word. Ouers moet teen moontlike kulturele-armoede waak.
- Leerders in die internasionale, privaatskole van Botswana kan nog nie bepaalde kultuurwaardes op dieselfde wyse as volwassenes interpreteer nie. Verskille kan tot konflik lei indien onderwysers nie taktvol optree nie.

Daar sal voorts riglyne neergelê word om Afrikaanssprekende leerders te help om makliker aan te pas ten opsigte van die medium van onderrig in die internasionale, privaatskole van Botswana.

6.4.3

**RIGLYNE VIR DIE SUKSESVOLLE AANPASSING
TEN OPSIGTE VAN DIE MEDIUM VAN ONDERRIG VAN
AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE
MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA**

- 'n Oplossing ten opsigte van die leerders se aanpassing by die medium van onderrig is deur die aanbidding van 'n studiekursus deur die internasionale, privaatskole in Botswana.

Daar sal vervolgens kortliks na 'n gedeelte van so studiekursus gekyk word waar die klem spesifiek val op die verbetering van 'n leerder se woordeskat (Lenier, 1995:27). Die titel van die spesifieke kursus was “Vyf maniere om 'n leerder se Engelse woordeskat te verbeter” (Lenier, 1995:28). Alhoewel die vyf maniere om 'n leerder se Engels te verbeter meestal voor die hand liggend is, is daar bevind dat leerders tog deur ouers en onderwysers gehelp moet word om dié “voor die hand liggende” prakties toe te pas in die onderwyssituasie waarin hul hulself bevind (Simoneaux, 2002). As leerders die vyf stappe volg om hulle Engels te help verbeter en makliker te verstaan, behoort daar ook 'n bepaalde verbetering in 'n leerder se akademiese prestasie opgemerk te word. Jonger leerders, in die primêre fase, wat hulle in een van die internasionale skole bevind, behoort makliker gedeeltes wat hulle lees te verstaan. Ouer leerders behoort ook gevolglik moeiliker werk gouer te begryp sodra hulle die taal, met bepaalde nuwe terminologie, beter begryp.

- **VYF MANIERE OM 'n LEERDER SE ENGELSE WOORDESKAT
TE VERBETER : DIE A-E METODE**

A : GEBRUIK SO VEEL AS MOONTLIKE BRONNE

Jonger leerders kan geleer word om woordeboeke baie suksesvol te gebruik. Talle prente woordeboeke is huidiglik in die handel beskikbaar en deur assosiasie kan leerders vinnig nuwe woorde aanleer. Ouer leerders behoort steeds te besef dat woordeboeke die beste inligtingsbron van nuwe woorde is. Talle van die sekondêre, privaatskole in Botswana gebruik nie net een handboek vir 'n bepaalde vak nie. As die Britse “*IGCSE*” kursus byvoorbeeld gevolg word, is daar wel 'n bepaalde handboek wat die skool sal voorskryf (Vergelyk 2.2.1.2). Elke vak het egter minstens drie tot selfs tien ander bronne met dieselfde inhoud maar moontlik net op 'n ander manier gestel. Daar is geen spesifieke voorgeskrewe boek

in enige van die vakke in die kursus nie en elke skool wat die kursus aanbied kan sy eie handboek kies. Ouers kan hulle kinders aansienlik help indien hulle nog 'n handboek of twee aankoop sodat leerders wat nog besig is om Engels heeltemal onder die knie te kry, werk makliker kan begryp as hulle dieselfde werk op verskillende maniere van bespreking onder die knie kan kry.

B : GEBRUIK DIE KONTEKS VAN 'N WOORD

Die maklikste en mees algemene manier om nuwe woorde te leer is om 'n bepaalde woord se betekenis te probeer ontsyfer deur na die ander woorde in 'n bepaalde gedeelte te kyk. 'n Voorbeeld wat geneem kan word is :

“Most of the children in the class were well behaved, only Bill was obstreperous.”

'n Leerder wat nie Engels as eerste taal ken nie sal heel moontlik glad nie die betekenis van *“obstreperous”* ken nie. Word die leerder egter gelei om na die sin in geheel te kyk sal hy heel die afleiding kan maak dat dié bepaalde woord raserig of onbeheerbaar beteken. Leerders moet aangemoedig word om baie te lees en self woorde wat hulle nie verstaan nie se betekenis te probeer ontsyfer.

C : DEEL WOORDE IN KLEINER DELE

Leerders moet gehelp word om woorde in kleiner dele te verdeel om die betekenis so te probeer ontsyfer. Deur woorde in sy stam met voor- en agtervoegsels te verdeel, kan dit die betekenis makliker help ontsyfer. 'n Voorbeeld wat hier geneem kan word is woord *“tract”* wat beteken om te trek of teken. Deur 'n paar voor- en agtervoegsels aan die bepaalde woord te voeg sal die betekenis noodgedwonge verander maar indien die betekenis van die stam bekend is behoort 'n leerder die betekenis van ander woorde met dieselfde stam te kan ontrafel. Voorbeelde is onder andere :

<i>tract – or</i>	<i>machine for pulling other machines</i>
<i>tract – ion</i>	<i>drawing along a surface</i>
<i>sub - tract – ion</i>	<i>pulling from the whole</i>
<i>con - tract – or</i>	<i>one who enters into a drawn-up agreement</i>
<i>pro - tract – or</i>	<i>an instrument used for geometric drawing</i>

Daar is egter gevalle waar die spesifieke metode om woorde se betekenis te ontrafel nie suksesvol sal wees nie. 'n Tipiese voorbeeld hiervan is die bekende voorvoegsel van “-in”. In die meeste gevalle sal die bepaalde voorvoegsel beteken “not” in byvoorbeeld “invisible” (nie sigbaar nie) of “into” in byvoorbeeld “inside” (binne in). Daar is egter nog 'n betekenis wat aan die voorvoegsel gekoppel kan word wat minder bekend is naamlik “very” in byvoorbeeld “inflammable” (baie vlambaar). Dit kan bepaalde probleme veroorsaak indien 'n leerder die woord “inflammable” as “not flammable” (nie vlambaar in plaas van baie vlambaar) verstaan.

D : KYK NA DIE OORSPRONG VAN WOORDE – WORD 'N ETIMOLOGIESE KENNER

Etimologie is die studie van die oorsprong van woorde. Sommige van die privaatskole in Botswana bied 'n vak bekend as “Etymology” of soos dit in die primêre skole bekend staan “Word building” aan. Leerders word geleer om die betekenis van woorde op 'n pret manier aan te leer en op dieselfde tyd leer hulle ook die woorde spel. As die woord “astronaut” as voorbeeld geneem word. Meeste Afrikaanssprekende leerders behoort die betekenis van die woord te ken, maar indien hulle die oorsprong van die woord ken, sal hulle heel moontlik die betekenis beter verstaan. “Astro” beteken in Grieks ster en “Nautes” beteken matroos. As die woord “astronaut” dus direk uit Grieks vertaal word sou dit dus beteken “Sailor of the stars” (Matroos van die sterre).

E : SKRYF VREEMDE WOORDE NEER

Leerders moet geleer word om woorde se betekenis wat hulle nie verstaan nie neer te skryf. Terwyl hulle die woord neerskryf leer hulle dieselfde tyd sommer die spelling van 'n bepaalde woord. Die bepaalde metode werk ook baie goed by jonger leerders. Flitskaarte kan gemaak word wat in leerder se slaapkamer opgeplak kan word. Elke keer as 'n vreemde woord op 'n leerder se pad kom, kan hy neergeskryf en opgeplak word en sodra die leerder die betekenis ken, kan die kaart verwyder word. Aan die begin sal daar baie kaarte wees maar soos 'n leerder die taal meer onder die knie kry behoort die aantal kaarte met vreemde woorde af te neem. Leerders kan hulle woordeskat sommer vinnig uitbrei en nie eers werklik dit besef nie.

Die hoofdoel van die studiekursus is om leerders te help om meer vertrouwd te raak met klas- en lesaanbieding in Engels. Sodra die taalagterstand begin afneem, behoort leerders se akademiese prestasie te verbeter.

Daar sal voorts riglyne neergelê word om Afrikaanssprekende leerders te help om akademies makliker aan te pas in die internasionale, privaatskole van Botswana.

6.4.4 RIGLYNE VIR DIE SUKSESVOLLE AKADEMIESE AANPASSING AS GEVOLG VAN SKOOLWISSELING VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERDERS IN DIE MULTIKULTURELE, PRIVAATSKOLE VAN BOTSWANA

- Soos uit die studie na vore gekom het, blyk dit dat die suksesvolle akademiese aanpassing van leerders grotendeels sal afhang of die betrokke leerders sosiaal en kultureel aangepas het sowel as aangepas het by die medium van onderrig.
- Om die probleem van swakker akademiese prestasie van Afrikaanssprekende leerders in die internasionale, privaatskole van Botswana verder aan te spreek, is dit belangrik dat ondersteuning aan die betrokke leerders gegee moet word om hulle potensiaal optimaal te verwerklik.

- Dit kan help om ondersteuning en hulp in betrokke vakke in te bou. Skole behoort programme op die been te bring wat ekstra hulp aan leerders, wie se huistaal van hulle onderrigtaal verskil, verleen ten einde hulle akademiese prestasie te verbeter.
- Die wisseling van 'n Afrikaans-medium skool na 'n internasionale, privaat, suiwer Engels-medium skool kan bepaalde oriënteringsprobleme vir leerders inhou. Die intensiteit waarmee hierdie probleme ervaar word, word gewoonlik deur die volwassenheidsvlak van die leerder bepaal. Ouers sowel as onderwysers behoort te help om dié oriënteringsprobleme tot die minimum te beperk.
- 'n Duidelike kennis van nuwe kurrikulums, slaagvereistes, vakkeuses ens. is nodig om leerders te help om akademies optimaal te presteer.

6.5 UNIVERSELE TOEPASSING VAN NAVORSINGSDATA

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat alhoewel dié studie spesifiek op die aanpassingsprobleme van Afrikaanssprekende leerders, wat hulle huidiglik in een van Botswana se internasionale, multikulturele, privaatskole bevind, gefokus het, aanpassingsprobleme van leerders wat hulself in nuwe onderwysomgewings bevind, nie 'n nuwe verskynsel is nie. Aanpassingsprobleme wat in die studie geïdentifiseer is naamlik sosiale- en kulturele aanpassing en aanpassing ten op sigte van die medium van onderrig sowel as die invloed hiervan op leerders se akademiese prestasie, word deur talle leerders wat hulle in 'n kulturele-, sosiale- en taalvreemde onderrigsituasies bevind, die wêreld deur ervaar.

Talle navorsingsprojekte is al in verskeie lande onderneem om die aanpassingsprobleme van immigrante leerders in dié lande te ondersoek (Hurrenkamp, 2002:1). Meeste van die projekte het tot die slotsom gekom dat leerders die meeste aanpassingsprobleme op sosiale- en kulturele gebied ondervind en terselfdertyd word probleme met die medium van onderrig aanvanklik ervaar. Die probleme is dus universeel en word nie slegs deur Afrikaanssprekende leerders in Botswana ervaar nie.

Van die projekte wat van stapel gestuur is, sluit onder andere in die :

- *Intelyape-lyape Akaltye Early Childhood Project* - Australië
- *Lessons from the Countryside* - Malysië
- *Ninos Indigenas Dsplazados* – Guatamala
- *Yachay Programme* – Agentinië
- *Intercultural Parent Support Programme* – Germany
- *Samespel* – Nederland
- *Peer Education Programme* – Verenigde State van Amerika
- *Choco Home Learning and Community Project* – Colombia

Al die projekte het die belangrike rol wat die ouer van immigrante leerders, nie bloot in hulle akademiese opvoeding nie, maar ook in die oordra van sosiale- en kultuele norme speel, beklemtoon. Dit is van die uiterste belang dat die ouers deur middel van onder andere stories en speletjies, tradisionele gebruike aan leerders oordra ten einde die leerders, terwyl hulle van ander kulture in die skool leer, ook aan hulle eie kultuur blootstel word, dit beleef en verstaan. Leerders wat 'n goeie kennis van hulle eie kultuur het sal ander kulture makliker verstaan en respekteer (Akinade, 1996:3).

Immigrante leerders wat kleuterskole, waar hulle eie kultuur en taal aan die orde van die dag was, aan die begin van hulle skoolloopbaan besoek het, pas baie makliker in primêre en sekondêre skole waar hulle nie meer deel van die dominante kultuur is nie, aan. *Lessons from the Countryside* wat in Malysië van stapel gestuur is, se hoofdoel is om leerders soveel as moontlik van hulle eie kultuur en taal, op 'n vroeë ouderdom te leer (Bouwer 1996:10).

Volgens Hurenkamp (2002:12) moet die universele probleem ten opsigte van aanpassing, op sowel die sosiale- as kulturele terrein van leerders in nuwe onderwysomgewings deur ouers en onderwysers saam aangespreek word. Beide groepe moet 'n begeleidende sowel as ondersteunende rol speel.

Die *Samenspel* projek wat in Nederland die lig gesien het gaan van die standpunt af uit dat leerders wat aanvanklik hulle moedertaal en eie kulturele gebruike en sienings aangeleer het, en steeds hulle moedertaal in die huis praat en ervaar, baie makliker in 'n skoolsituasie waar die onderrigtaal van die huistaal verskil, sal kan aanpas. Die hoofrede hiervoor is dat leerders wat 'n trots vir hulle eie taal en kultuur het, baie meer selfvertroue het aangesien hulle voel hulle het iets wat leerders wie se onderrigtaal en huistaal dieselfde is, nie het nie. Hulle is tweetalig, weet meer van verskillende kulture en voel dus sosiaal meerwaardig (Vedder, 2001:45).

6.6 SLOTOPMERKING

Uit die literatuurstudie het dit duidelik geword dat navorsing op die gebied van die aanpassingsprobleme van leerders wie se huistaal van hulle onderrigtaal verskil 'n terrein is wat nog baie ontgin kan word. Talle Suid-Afrikaners verlaat Suid-Afrika weens werksverpligtinge, persoonlike redes ens. Indien navorsing oor die sosiale- en kulturele aanpassing sowel as die aanpassing ten opsigte van die medium van onderrig van veral Afrikaanssprekende leerders wat Suid-Afrika verlaat gedoen word, kan dit 'n daadwerklike bydrae lewer tot die aanpassing van die leerders nie net in Botswana nie, maar ook in ander lande die wêreld oor.